**MIDBRAK BELASTINGBETALERSVERENIGING**

**NOTULE VAN VERGADERING GEHOU OP 5 JUNIE 2012 OM 14:00 IN DIE REEBOK GEMEENSKAPSAAL**

**NOMMER 5/2012**

## 1. OPENING EN VERWELKOMING

Die vergadering word met 'n gebed geopen deur Charl Coetzer, waarna al die lede asook Haylene Claassen en Altus welkom geheet word.

## 2. PRESENSIE

### 2.1 Teenwoordig

| | | |
|---|---|---|
| Buks Pieterse | Voorsitter | Bewarea |
| George Nezar | Onder-voorsitter | Tergniethoogte |
| Charl Coetzer | | Fraaiuitsig |
| Pieter le Roux | | Kleinbrak |
| Deon Hoon | | Reebok |
| Frik Nel | | Reebokhoogte |
| Kruger de Wet | | Reebokhoogte |
| Leon Kruger | | Reebokrif |
| Des Muller | | Riverside |
| Dawid Erasmus | | Tergniet |
| Anton Dellemijn | | Tergniet |
| Mike Wray | | Tergniethoogte |
| Martin Smith | Notuleerder | Fraaiuitsig |
| Dorothy Barnard | Sekretaris en Tesourier | |

### 2.2 Op uitnodiging

| | |
|---|---|
| Haylene Claassen | Munisipaliteit |
| Altus | Munisipaliteit |

### 2.3 Afwesig met verskoning

| | | |
|---|---|---|
| Raadsheer Kallie Smit | Raadslid – Wyk 4 | |
| Raadslid Gibo Gerber | Raadslid – Wyk 5 | |
| Charl de Wet | | Kleinbrak |
| Jaco Hefer | | Reebokrif |
| Peter Juthe | Munisipaliteit | |

### 2.4 Afwesig sonder verskoning

| | | |
|---|---|---|
| Terrie Terblanche | | Riverside |

## 3. GOEDKEURING VAN NOTULE VAN VORIGE VERGADERING

Punt 6.10 – Reel 1 – Verwyder die woorde: "Frik sê". Voorgestel en gesekondeer deur mnre Kruger de Wet en Dawid Erasmus.

| ITEM | BESPREKING / BESLUIT | VERANT-WOORDELIK |
|---|---|---|
| **4.** | **AANVULLENDE AGENDA** | |
| **4.1** | **Kleinbrak Estuariumplan** | |
| | Aanvanklik het die plan goed gevorder, maar nou is dit doodstil. Buks stel voor dat die Raadslede by Eden Distriksmunisipaliteit uitvind wat aangaan. | Gibo / Kallie |
| **4.2** | **Powertown** | |
| | Die gerugte oor die hervestiging van die inwoners is absoluut ongegrond en die motiewe van die persoon wat dit versprei het, is onder verdenking. Ook die Munisipaliteit kan geen lig werp oor waar gemelde persoon aan die inligting gekom het nie. Buks benadruk weer dat dit nie die Vereniging se plig is om met voorstelle vorendag te kom oor waarheen Powertown geskuif moet word nie. Die politici moet nou begin aksie neem en antwoorde verskaf. | Gibo / Kallie |
| **4.3** | **Kragonderbrekings** | |
| | George spreek sy kommer uit oor die baie kragonderbrekings. Daar bestaan nou kommer of die Munisipaliteit hul beloftes nakom. Ons sal mnr Naidoo uitnooi om ons te kom toespreek en ons in te lig oor hul toekomsplanne. | Dorothy |
| **4.4** | **Toerisme – Midbrak** | |
| | Dit blyk dat die persoon deur Bewarea aangestel om hul belange te behartig nou deur Midbrak Toerisme gekaap is. Buks sal die saak met hulle bespreek. Haal af. | Buks |
| **4.5** | **Geraasbesoedeling op die N2 snelweg** | |
| | Anton verwys na klagtes ontvang oor padgeraas wat veroorsaak word deur die nuwe tipe teer wat gebruik is. Die Vereniging het al op 'n vorige geleentheid voorstelle ingedien, via mnr Puren, om die geraas te probeer demp. Ons sal die Munisipale Bestuurder versoek om die aangeleentheid met Eden Distriksmunisipaliteit en SANRAL te bespreek. | Dorothy |
| **4.6** | **Impalaweg** | |
| | Toe die Vereniging by 'n vorige geleentheid beswaar gemaak het oor die gehalte van die herseel van Impalaweg, is ons meegedeel dat 'n finale laag teer nog gelê moet word. Sedertdien het nog niks meer gebeur nie, en sal ons die Munisipaliteit per brief versoek om die werk behoorlik af te handel. | Dorothy |
| **4.7** | **Rioolwerke by Sandhoogte** | |
| | Dawid meld van onaangename reuke in die omgewing van die rioolwerke. Verskeie redes vir die reuk word genoem, maar Dawid is van mening dat dit nie so moet wees nie. Die Munisipaliteit moet versoek word om ondersoek in te stel. | Haylene |

| ITEM | BESPREKING / BESLUIT | VERANT-WOORDELIK |
|---|---|---|
| **5.** | **SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE** | |
| **5.1** | **Erf 264 en 271, Reebok – Terugvoer oor vordering** | |
| | George spreek sy kommer en ontsteltenis uit oor die feit dat ons geen terugvoer kry van die Munisipaliteit nie. Hulle het onderneem om ons op hoogte te hou van hul samesprekings met Eden Distriksmunisipaliteit. Buks wys ook daarop dat die Munisipaliteit se eiendomsregister nie op datum is nie. | Gibo / Kallie |
| | Dit is ook totaal onaanvaarbaar dat wanneer Raadslede nie die vergaderings kan bywoon nie, moet hulle deur middel van die skakelpersoon ons van 'n verslag voorsien rakende sake wat hul moes hanteer. Voorstel word aanvaar dat ons die Burgemeester en Raadslede per brief inlig van gemelde probleme. | Dorothy |
| **5.2** | **R102 - Versperring van sig by uitgange en inligtingstekens** | |
| | Mnr Viljoen se versoek dat die Vereniging versoeke wat verband hou met hierdie aangeleentheid, direk met mnr Ottervanger van Eden Distriksmunisipaliteit opneem, is absurd. Ons werk deur die Munisipaliteit. Haylene sal reël dat dit ook by die volgende dienstekomiteevergadering bespreek word en ons sal per brief die Munisipaliteit versoek om die saak op te neem. | Haylene / Dorothy |
| **5.3** | **Opgradering van Kusweg – Vorderingsverslag** | |
| | Altus berig dat werk feitlik afgehandel is ten opsigte van dit wat begroot was vir die huidige finansiële jaar. Toegang tot die strande deur middel van trappe word ook bespreek. Mense maak nie altyd gebruik van die trappe nie en veroorsaak skade aan plantegroei. Dit bly steeds 'n probleem om te bepaal wat mense sal ontmoedig om plantegroei te versteur. | |
| | Ons dank aan die Munisipaliteit vir ‘n netjiese stuk werk gedoen. Dit lyk baie mooi. | |
| **5.4** | **Opgradering en skoonmaak van die Midbrakgebied** | |
| | Ons sal die Munisipaliteit versoek dat hulle een keer 'n jaar die hele padreserwe skoonmaak en nie net die 1 meter-strook wat tans geld nie. | Dorothy |
| **5.5** | **Opknapping van tennisbane – Klein-Brakrivier (navraag oor eiendomsreg)** | |
| | Nog geen bevredigende antwoord is ontvang nie. Pieter sal 'n brief skryf en met Dorothy skakel sodat ons weer die saak met die Munisipaliteit kan opneem. | Charl / Peter |
| **5.6** | **Kontakbesonderhede van erf eienaars** | |
| | Haylene deel ons mee dat die Munisipaliteit ons slegs kan help indien die eienaars daartoe instem. Ons sal nou via die koerant die eienaars versoek om ons behulpsaam te wees. | Dorothy |

| ITEM | BESPREKING / BESLUIT | VERANT-WOORDELIK |
|---|---|---|
| 5.7 | **Mangatdeksels** | |
| | Korrekte grootte deksels is nog nie aangebring nie. | Haylene |
| 5.8 | **Voorgestelde hersonering van landbougrond** | |
| | Nog nie hersoneer nie. Sien ook punt 4.2. | Gibo / Kallie |
| 5.9 | **Inligtingskantoor by Klein-Brakrivier** | |
| | Nog steeds uitstaande. | Gibo / Haylene |
| 5.10 | **Herstel van pad na hengelgebied** | |
| | Die probleem het aandag gekry en Des sal dit monitor. Haal af. | Des |
| 5.11 | **Strooi van pamflette in gebied deur die Munisipaliteit** | |
| | Gibo se kommentaar nog uitstaande. | Gibo |
| 5.12 | **Ongemagtigde bewoning van huise deur bouers/arbeiders** | |
| | Haylene is weereens daarop gewys dat ons klagtes het oor arbeiders wat op die perseel bly terwyl die huis nog in aanbou is. Geen probleem indien 'n wag daar woon om toerusting op te pas en moet munisipaliteit weer ons klagtes ondersoek. By die indien van planne is ‘n dokument wat geteken moet word dat GEEN persone op die bouperseel sal bly tydens bouwerk nie. | Haylene |
| 6. | **PROJEKTE** | |
| 6.1 | **Verkeerstekens, ontbrekende straatname, spoedbeperkings/-monitering** | |
| | Geen ernstige probleme nie. | |
| 6.2 | **Skoonmaak van erwe – deurlopend** | |
| | Dawid meld van klagtes oor erwe wat hy besig is om op te volg. Dit sluit in 'n klagte van mev C Venter oor 'n erf in Harold Walk en Kangostraat. Hy sal ook aandag gee aan die erf in Rooiboklaan wat onooglik is as gevolg van die bouerstoerusting wat daar staan. | Dawid |
| 6.3 | **Ramp- en Risikobestuursplan (terugvoer deur Gerhard Otto)** | |
| | Weens Gibo se afwesigheid is geen verslag gelewer nie. Buks lig die probleme uit wat daar is rondom risikobestuur. Haylene meld dat mnr Puren sal reël dat 'n vergadering gehou word. By ‘n vorige vergadering het Gibo onderneem om persoonlik toe te sien dat Mnr Otto ons vergadering sou bywoon om duidelikheid te kry oor hierdie saak. | Charl / Gibo / Terrie |
| 7. | **FINANSIES** | |
| | Saldo dieselfde as die vorige maand. | Dorothy |

| ITEM | BESPREKING / BESLUIT | VERANT-WOORDELIK |
|---|---|---|
| **8.** | **POLISIëRING / BUURTWAG** | |
| | Versoek vanaf buurtwag vir groter samewerking en dat inwoners nie alles aan polisie oorlaat nie. Weens Terrie se afwesigheid is daar geen polisieverslag nie. | Anton |
| **9.** | **BEWAREA** | |
| | Buks versoek dat ons ernstig aandag daaraan sal skenk om inligting te versamel en dit gereeld aan te teken in die SBBDF brosjures wat hy aan almal uitgedeel het. Die inligting sal uiteindelik op rekenaar geplaas word. | Lede |
| **10.** | **PLAASLIKE SAKE** | |
| **10.1** | **Fraaiuitsig** | **Charl / Martin** |
| | Geen probleme nie. | |
| **10.2** | **Klein-Brakrivier** | **Charl / Pieter** |
| | Pieter meld dat die chevron nog nie teruggeplaas is by die aansluitingspad by Kleinbrak nie en dat borde wat onlangs by die hoofstrand opgerig is, verskuif word aangesien dit inwoners se uitsig belemmer. | Haylene |
| **10.2.1** | **Verwydering van bourommel in Beyerstraat** | |
| | Is nog nie verwyder nie. | Haylene |
| **10.3** | **Reebok** | **Deon** |
| | Geen probleme nie. | |
| **10.4** | **Reebokhoogte** | **Frik / Kruger** |
| | Geen probleme nie. | |
| **10.5** | **Reebokrif** | **Leon / Jaco** |
| | Geen probleme nie. | |
| **10.6** | **Riverside** | **Terrie/Des** |
| ***10.6.1*** | ***Afkamping van visvanggebied*** | |
| | Probleme by visvanggebied nog nie opgelos nie. | Gibo / Kallie |
| ***10.6.2*** | ***Omheining van speelpark*** | |
| | Weens die hoë koste sal gebied nie spoedig afgespêr kan word nie. | Gibo / Kallie |

| ITEM | BESPREKING / BESLUIT | VERANT-WOORDELIK |
|---|---|---|
| ***10.6.3*** | ***Tydelike toilette by rugbyveld en ontspanningsarea*** | |
| | Munisipaliteit se kommentaar dat dit eers op die GOP geplaas moet word, is totaal onaanvaarbaar. Indien dienste nie gelewer kan word nie moet hulle nie die areas as ontspanningsplekke beskikbaar stel nie. Haylene sal dit opvolg. | Haylene/ Gibo / Kallie |
| ***10.6.4*** | ***Aanbring van naambord vir 10de Laan*** | |
| | Is bestel en sal dan aangebring word. Haal af. | Haylene |
| **10.7** | **Tergniet** | **Dawid/Anton** |
| | Die uitdeel van swart sakke skep op 'n paar plekke 'n probleem. Van die pakke het selfs op die dakke van huise beland en dit is 'n vermorsing om dit aan vakansiehuise ook uit te deel. Die Vereniging moet individueel dink hoe die probleem aangespreek moet word. Anton spreek sy dank uit dat die pad oor sy eiendom nou afgesper is. | Haylene/Lede |
| **10.8** | **Tergniethoogte** | George/Mike |
| | Geen probleme nie. | |
| **11.** | **KORRESPONDENSIE** | |
| **11.1** | Brief van Tennisklub en Buks se bedanking as voorsitter aangesien hy 'n betrekking in die buiteland aanvaar het. | |
| **12.** | **VOLGENDE VERGADERING** | |
| | Die volgende vergadering sal plaasvind op Dinsdag, 3 Julie 2012 - 14:00 in die Reebok Gemeenskapsaal. | |
| **13.** | **VERDAGING** | |
| | MARTIN SMITH<br>**NOTULEERDER** | |
| | GOEDGEKEUR TYDENS VERGADERING 6/2012 GEHOU OP 3 JULIE 2012. | |
| | **VOORSITTER** | |